Rugby

Hoërskool Swartland het ‘n jare lange rugby tradisie met fantastiese fasiliteite en ‘n afrigtingspan wat sorg dat HSS een van die top rugbyskole in die Boland bly.

Ons is onsettend trots op een van ons oudleerders wat onlangs aangewys is as Suid-Afrikaanse rugbyspeler van die jaar vir 2016!

Pieter-Steph du Toit

Ons ding jaarliks teen sterk oposisie deel wat ons seuns die geleentheid gee om naweek in en naweek uit op ‘n hoë vlak deel te neem. Ons het ‘n vol toegeruste gimnasium met voorseisoen programme wat aan ons senior seuns voorsien word ter voorbereiding vir die volgende seisoen. Ons is bevoorreg om by elke ouderdomsgroep 3 bekwame afrigters te hê wat toesien dat ons seuns top gehalte afrigting ontvang. Die hoeveelheid provinsiale spelers wat Swartland oplewer getuig van ‘n rugbyprogram wat doeltreffend bestuur word. Rockie rugby beweeg in die regte rigting…

Gedurende die 2016-seisoen het ons met vier O/19-spanne, twee O/16-spanne, twee O/15-spanne en twee O/14 spanne aan verskeie sportdae deelgeneem. Die eerstespan het gedurende die Aprilvakansie aan die Tony Stoops Rugbyfees in Kaapstad deelgeneem.

'n Hoogtepunt op ons rugbykalender, was beslis die Winterrugbytoernooi wat vanaf 14 – 16 Julie by ons skool aangebied is. Verskeie oorsese spanne het aan hierdie toernooi deelgeneem. Gedurende dieselfde tyd het ons 0/16A-span aan 'n toernooi by Brackenfell deelgeneem.

Die volgende spelers het Boland verteenwoordig gedurende 2016:

Cravenweek

Niel Burger

Anton du Toit

Charles Gerber

Jan-Ernst Terblanche

Akademieweek

Wihan Burger

Dewald Vrey

Keagan Johannes

Grant Khomo

Marinus de Jager

JP Groenewald

CJ Scott

Aan al ons rugbyspanne sê ons, baie geluk en dankie vir jul toewyding. Ons eerstespan het ‘n besondere goeie seisoen beleef en slegs een wedstryd verloor gedurende die normale liga verpligtinge. Hul het ook die seisoen op ‘n hoogtepunt afgesluit met ‘n puik oorwinning oor Hugenote. Ons opregte dank aan alle afrigters, borge, ouers, skeidsregters en ondersteuners wat gehelp het om van 2016 ‘n suksesvolle een op die rugbyveld te maak. Mnr. Martin Dyason is onlangs aangewys as die hoofafrigter van die Boland se Grant Khomo span vir 2017!

Die afrigters vir die 2017 seisoen is onlangs aangewys en lees soos volg:

Rugbyhoof: Mnr. Schreuder Brand

Onder 19A en B: Mnr. Martin Dyason (Hoofafrigter), Mnr. William Koch en Mnr. Johan Spies

Onder 19C en D: Mnr. Koos Engelbrecht en Mnr. Hanno Visser

Onder 16A en B: Mnr. Irvin Turner (Hoofafrigter), Mnr. Bertie Gerber en Mnr. Dawie Horn

Onder 15A en B: Mnr. Marius de Jager (Hoofafrigter), Mnr. Mike Steyn en mnr. Jassie Visser

Onder 14A en B: Mnr. Andre Nel (Hoofafrigter), Mnr. Hein Pieterse en Mnr. Brandon du Plessis

BOLAND HOëRSKOLE SPELER VAN DIE JAAR 2016!

Anton du Toit